Tel: 028 8401120
E-Pos: info@vilko.co.za
Web: www.villiersdorpko-op.co.za

NUUSBRIEF – MEI 2016

Ons is al diep in die herfs seisoen en kan al die winterkoue voel. Dis ook al amper die einde van die oes seisoen. Ons lede het nie die beste van weersomstandighede gehad nie, maar kan tog terugkyk met dankbaarheid op 'n goeie jaar. Eers was dit die hittegolf vroeg in Januarie en toe weer stormwinde in Maart, maar ons kon steeds 'n goeie oes afhaal.

Ons kyk nou weer uit vir die winterreën en kan rapporteer dat dit al hier en daar begin uitsak het. Veral in Ceres waar die reën werklik baie nodig was, het dit middel April redelik gereën, tot 77mm op sommige plekke. Ons damme is egter steeds baie leeg en hou ons duim vas vir die komende paar maande.

Die knellende droogte in die graangebiede van die Vrystaat, Noord Wes asook Weskus streke het tot gevolg gehad dat AGRI SA 'n droogtehulpfonds in die lewe geroep het en kon VILKO en sy lede ook 'n bydrae maak wat inbetaal is in die bankrekening van die fonds. Ons harte gaan uit na ons mede boere en daarom is dit op so 'n tasbare manier getoon met 'n kontantdonasie. Baie dankie aan die lede wat hand in die sak gesteek het.

Met die winter wat nader kruip is dit weer tyd vir ons gebruiklike winter/ jag promosie wat ons beoog om op 16 Mei 2016 te laat afskop tot 18 Junie 2016. Vir baie van ons boere is dit die aanbreek van die jagseisoen. 'n Spesiale promosie blaadjie sal weer uitgedeel word. Hou u e-pos dop!

Ons Internet Webblad is ook onlangs oorgedoen en nooi ons die lede en ander belangstellendes uit om ons te besoek op www.villierdorpko-op.co.za. Alle kontak besonderhede is ook op die webblad beskikbaar. Ons vra om verskoning dat dit nog net in Engels is, maar ten minste is dit funksioneel. Daar is 'n afdeling "Quotes and Orders" waar lede kan navraag doen oor produkte. Sodra die navraag "submit" is kom dit by die Admin kantoor uit by die e-pos adres "info@vilko.co.za". 'n Personeellid sal dan terugskakel met die inligting.

Ons lede is by verskeie geleenthede ingelig van die opgraderings wat beplan word by die verskillende takke en wonder u seker al hoe dit vorder. Ons het geweldig baie struikelblokke met die plaaslike owerhede ervaar wat die planne afgekeur het en nou weer goedgekeur het omdat hulle onder andere die sonerings verkeerd gehad het. Ons kan darem rapporteer dat Greyton al baie ver gevorder het met die perseel wat by gekry is en reeds benut word. Die ander projekte is nou in proses waar goedkeuring verkry is en waar kwotasies aangevra is. Ons vertrou om eersdaags met die twee projekte op Villiersdorp en Vyeboom te begin. Ons sal die lede op hoogte hou.

Daar is ook met 'n proses begin waarvolgens ons alle lede versoek om jaarliks kredietaansoekvorms te voltooi sodat ons aan die kredietwet se bepalings kan voldoen. Ons wil ook graag die lede inligting opdateer en vra ons die lede se samewerking in die verband. Indien u as lid 'n spesiale besoek in die verband verlang kan u gerus met die kantoor skakel.

KOÖPERASIE GROETE AAN ALMAL